

SGF CLIMATE CHANGE ADAPTATION

RESOURCES FOR FARMERS & HERDERS

Daaglikse Akitiwiteite van Herders

Prepared by Jozua Lambrechts, Gondwana Alive

December 2017

Daaglikse aktiwiteite van herders.

Herders is verantwoordelik vir die implementering van beweidingsplanne van boere. Herders speel hierin 'n deurslaggewende rol deur die waarde wat hulle toevoeg tot daaglikse suksesvolle vee- en veldbestuur. Saam hiermee voeg hulle ook waarde toe deur gereelde terugvoer aan die boer te gee oor vee en veld uitdagings en geleenthede tot beter bestuur.

Veebestuur:

Hier kyk ons na maniere waarop herders vee VEILIG, GESOND en PRODUKTIEF kan hou.

1. Veiligheid by vee verwys na die bekamping van diefstal asook beskerming teen roofdiere. Herders doen dit deur deurentyd by die vee te wees gedurende die dag en ook snags by die vee te slaap waar hulle in verskuifbare krale gehou word.
1. Gesonde vee verwys na die algemene gesondheid van die kudde. Herders doen die volgende:
 - a. Kyk soggens voordat uitbeweeg word of daar siek diere is en dokter dadelik. Herhaal saans wanneer diere weer in die kraal gesit word.
 - b. Maak notas van siek diere en hul nommers asook behandeling wat gedoen is.
 - c. Ondersteun boer tydens gereelde doserings en inentings.
 - d. Verskuif krale op 'n gereelde basis om siklusse van siektes en parasiete te breek.
2. Produktiewe vee verwys na ooie wat gereeld lam en hulle kan grootmaak in die veld. Herders doen die volgende:
 - a. Tel vee soggens uit en saans in.
 - b. Neem diere so vroeg as moontlik uit en bring terug so laat as moontlik sodat die diere genoeg tyd het om te vreet.
 - c. Sorg dat die diere genoeg water drink. Sorg dat krippe skoon is en enige gemors verwyder word uit water.
 - d. Gee kans vir die diere om te rus en te herkou gedurende die dag. Soek verkieslik 'n omgewing waar hulle beskut is teen son, wind en reën indien moontlik.
 - e. Volg die beweidingsplan en maak aantekeninge as dit verander word.
 - f. Maak notas van enige vrektes en geboortes.
 - g. Maak notas van ooie wat nie lam nie, nie goeie moedereienskappe het nie of nie genoeg melk het nie.
 - h. Maak seker dat die ramme gesond is en die ooie dek tydens paarseiesoen.
 - i. Hanteer vee op 'n rustige en bedaarde wyse en maak seker diere word nie gejaag, met klippe gegooi, geslaan of gestres nie.

Veldbestuur

Hier kyk ons na maniere waarop herders die ekosisteemprosesse kan verbeter deur veral te fokus op 'n EFFEKTIEWE WATERSIKLUS en GESONDE PLANTE.

1. 'n Effektiewe watersiklus verwys na effektiewe reënval, met ander woorde waar ons maksimum infiltrasie het, minimum afloop het wat ook erosie veroorsaak en minimum verdamping het. Herders help hiermee deur die volgende:
 - a. Gebruik van verskuifbare krale om harde grondkorsie te breek en erosie daardeur te beperk en water infiltrasie te verbeter. Terselfdertyd word die grond gevoed deur die urine en mis van vee.
 - b. Om die vee so te bestuur deur die dag dat die vee genoeg kans kry vir seleksie van kos EN waar nodig gebondel word om met die nodige hoefaksie die grondkorsie te breek en waar moontlik, deklaag te vorm.
2. Om plante gesond en produktief te hou, beteken dat die grondoppervlakte die ontkieming van sade moontlik maak, dat alle plante genoeg tyd sal hê om te groei en dat plante wat bewei is, genoegsaam tyd sal hê om te herstel. Herders doen dit deur:
 - a. Seker te maak dat die herstelperiode volgens die beweidingsplan lank genoeg is en gehou word sodat plante lank genoeg tyd het om te groei na enige beweiding en dat oorbeweiding van plante so min as moontlik plaasvind.
 - b. Seker te maak dat die vee altyd in troppe bestuur word en nie los rondloop nie, aangesien dit oorbeweiding van plante tot gevolg het.
 - c. Seker te maak dat die vee nie op sekere plekke soos by waters en die werf rondom krale en veeposte vir te lang tye gelos word nie. Dit veroorsaak vertrapping van grond en oorbeweiding van plante en daardeur word kaal kolle gevestig.

Moniteringsvrae vir herders:

Naam van herder:

Datum:

VEE:

1. Getalle uit in oggend: _____ Getalle in in aand: _____
2. Tyd uit veld toe: _____ Tyd in kraal: _____
3. Siektes: Nommer van dier, simptome, waarmee gedokter?
4. Vrektes: Nommer van dier. Wanneer? Rede?
5. Lammers aangekom: Getal? Geslag?
6. Probleem ooie: Nommer. Slegte ma, nie genoeg melk nie ens
7. Probleem ramme: Nommer. Probleem?
8. Kraal verskuif op watter dag?
9. Is daar genoeg kos vir die diere?
10. Is daar genoeg skoon water vir die diere?

VELD:

1. Het jy vandag areas gesien waar die grond kaal is en 'n harde kors het? Wat het jy gedoen om dit aan te spreek of wat kan gedoen word om dit aan te spreek?
2. Het jy vandag areas gesien waar erosie begin of plaasvind? Wat het jy gedoen om dit aan te spreek of wat kan gedoen word om dit aan te spreek?
3. Hoe lank was die herstelperiode van die plante voordat hulle vandag bewei is?
4. Het jy vandag enige meerjarige grasplante gesien wat slegs oorleef deur in bosse te groei, of wat oorbewei is of wat oorrus is?
5. Het jy vandag enige bossies gesien wat oorbewei is?
6. Het jy vandag enige struik of bome gesien wat oorbewei is?
7. Wat kan jy doen om meer plantmateriaal te groei?
8. Wat kan jy doen om 'n groter verskeidenheid van plante te groei?

Herders kan bogenoemde vrae daaglik antwoord deur aantekeninge te maak in hul logboeke. Dit kan dan op 'n weeklikse of twee-weeklikse basis met die boer bespreek word.